

Woensdag 18 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:1-9

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:1-9;
Heidelbergse Kategismus 39:104**

'n Gebod met 'n belofte

Die vyfde gebod is die eerste gebod met 'n belofte. Eer jou vader en jou moeder, sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. Die doel van die gebod is vir ouers om hulle kinders in die geloof op te voed. Ouers kry hierdie groot opdrag – om hulle kinders vanaf onvolwassenheid te lei tot volwasse, verantwoordelike gelowiges. Dit is die kern van Christelike opvoeding: die oorneem van verantwoordelikheid.

Die tyd waarin ons leef, ken nie meer gesag nie. Die Here staan nie sentraal in die daaglikse lewe nie. Nee, in die plek van die Here kom die mens te staan. Die fokus is op menseregte, kinderegte, ensovoorts. Hierdeur waai gesag by die deur uit. Want 'n kind het die reg om self te besluit, jy moet hom/haar nie voorskryf nie. 'n Kind mag self besluit wat reg en verkeerd is. Die gevolg hiervan? 'n Samelewing vol van die egosentriese mens. Die fokus is nie op God nie, maar op jouself.

Die Here leer vir ons die teendeel in die vyfde gebod. Die Here belowe dat, as jy jou vader en jou moeder eer, dit met jou goed sal gaan. As jy leer om jou ouers te respekteer en te eer, dan beskik jy oor een van die mees waardevolle besittings op hierdie aarde. Dan het jy respek. 'n Goddelike gawe. Dan kan jy 'n diensbare kind van die Here wees. Dan sal jy jou verantwoordelikheid voor Hom besef. Elke dag jou geloof uitleef. Jy weet dan waaroor dit gaan.

Jesus Christus maak dit vir ons moontlik. Deur die sondeval het die mens in opstand teen God gekom (rebellie). Die respek en eer vir die Here was weg. Deur Jesus Christus is ons weer in staat om te eer. Deur Hom word ons weer eerbaar voor God die Vader.

Sing: Psalm 119-1:39

Ds. GP (Gerben) Meijer (Vryburg/Schweizer Reneke)